# Hoofstuk van die dag: Jesaja 18

> *So het die Here vir my gesê: Ek sal rustig uit my woonplek ondertoe kyk, ongestoord soos die hittegolwe op 'n warm dag,*

*soos 'n miswolk in die somerhitte. (vers 4)*

Jesaja vertel aan die begin van dié hoofstuk hoe die mense van Kus (Etiopië) rondskarrel om bondgenote te kry teen die Assiriese bedreiging (vers 1-2). In skrille kontras hiermee klink die gerusstellende stem van die Here op (vers 4). Te midde van aardse gewoel is God rustig in sy woonplek, ongestoord en kalm. Ons kry hierdie selfde boodskap in Psalm 2, waar die volke rusteloos is en planne smee, maar Hy wat in die hemel sit, lag hulle uit.
God sal self op die regte tyd met die Assiriërs afreken (vers 5-6); daarvan vertel Jesaja ons in Jes 37:36. Dan sal die Etiopiërs met geskenke na Jerusalem kom en hulle aan die Here die Almagtige onderwerp (vers 7).
Dalk skarrel jy ook soos die Etiopiërs van Jesaja 18 angstig rond en beraam koorsagtig planne om jou situasie te beredder. Kyk dan op na Hom wat op sy troon sit in soewereine beheer van ook jóú situasie, en vind jou rus in Hom. Op die regte tyd sál Hy jou help.


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026